



Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child Every chance Every day | Elke kind Elke kans Elke dag | Wonke umntwana Lonke ixesha Yonke imihla

15 Januarie 2020

Geagte Ouers

BORGSKAP-GELEENTHEDE - 2020

Welkom terug vir die nuwe skooljaar. Ons vertrou dat u almal 'n rustige vakansie saam met u families gehad het.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u in te lig oor verskeie borgskap-geleenthede wat by ons skool beskikbaar is.

Borg van sportspanne / sportklinieke

By Laerskool Kenridge is deelname aan 'n sportsoort, ongeag die span waarin die leerder speel, baie belangrik. Ons bied baie geleenthede vir maatskappye om verskeie sportspanne, toere en klinieke te borg en dit is 'n wonderlike manier om blootstelling in die omgewing te kry.

Kultuur / kuns / musiek

Ons skool bied 'n groot verskeidenheid kulturele geleenthede aan ons leerders en daar is baie maniere waarop u betrokke kan raak.

Toekennings vir Akademiese, Sport en Kulturele Prestige-aande

Ons drie belangrikste prestige-aande, naamlik die Kultuur Prestige-aand, Sport Prestige-aand en Akademiese Prestige-aand, vind aan die einde van die vierde kwartaal plaas. By elkeen van hierdie prestige-aande ontvang leerders toekennings, soos byvoorbeeld medaljes en klein trofeeë. By elkeen van hierdie aande ken die skool 'n aantal spesiale trofeeë toe en soms moet 'n nuwe trofeeë aangekoop word. Hierdie aande bied 'n wonderlike geleentheid vir besighede of individue om deur middel van die borg van medaljes of trofeeë, betrokke te raak.

Geborgde gazebo's

Hierdie gazebo's sal vir verskeie skoolaangeleenthede gebruik word, insluitend galas, sportwedstryde (bv. hokkie, rugby en krieket), fondsinsamelings (bv. Pretstap en OOV-speletjiesdag), atletiekbyeenkomstes, ens. en bied 'n wonderlike bemarkingsgeleentheid. Die naam / logo van u maatskappy word aan die een kant van elke gazebo gedruk, en Laerskool Kenridge aan die ander kant.

Skooltoerusting

Ons het 'n lys van items wat ons graag wil aankoop en sal enige bydrae of toerusting wat ons nodig het, verwelkom.

Indien u besigheid betrokke wil raak by enige van hierdie geleenthede of aktiwiteite, of as u enige verdere inligting benodig, stuur asseblief 'n e-pos aan kim.friedrich@kenridge.org.za or kimfriedrich73@gmail.com.

Neem ook asseblief kennis dat alle donasies / borgskappe wat deur u maatskappy gemaak word, ook van belasting verhaalbaar is. Ons is gemagtig om 'n Seksie 18A-vorm uit te reik indien u dit sou verlang. Ons sal met graagte u maatskappy se logo op ons webwerf plaas, sowel as foto's van die verskillende geleenthede op ons sosiale media.

Baie dankie vir u ondersteuning. Voorspoed met die jaar wat voorlê.

Die uwe



K. Friedrich (Mev.)

Bestuurder van Borgskappe



S. R. Smith (Mev.)

Skoolhoof

